NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 14 – Uitgawe 48
27 Januarie 2022

# God is by ons, waar ons ook al is

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Di Cobus en Mari Manders het Sondag 23 Januarie hul afskeidspreek gelewer in Gemeente Bethal. Hulle vertrek aan die einde van Januarie na Michigan in Amerika. Hier vertel hulle daarvan.**



In sy lied *Pampoen* sing Steve Hofmeyr: *Bring jou hele lewe in 'n tas*. Dit is presies wat ons gesin die afgelope tyd in ons lewe beleef het. Daar is gepak en verkoop, want al wat ons op die vliegtuig kan vat, is twee 23 kg-tasse elk, en natuurlik 'n stuk handbagasie of twee. 'n Geleentheid het oor ons pad gekom en ons vertrek eersdaags na Amerika, die staat Michigan, om ook daar in God se koninkryk te kan gaan werk. Ons het 'n beroep ontvang na Belltower Reformed Church of America om hul predikant te wees.

'n Klomp gemengde emosies en gevoelens draai en maal in jou gedagtes. Jou familie en vriende bly agter in Suid-Afrika. Jy voel amper soos Abraham van ouds wat wegtrek van alles wat vir jou lief en dierbaar is. Die bekende word verruil vir die vreemde. Ons afskeidspreek het gehandel oor gister, vandag en môre. Ons kyk terug na gister, want jy moet tog weet waar jy vandaan kom, en ons is dankbaar vir alles wat ons in Suid-Afrika kon leer. Ons dink terug aan twee jaar by Gemeente Wonderboom, nege en 'n half jaar by Gemeente Suidoos-Witbank en ses jaar by Gemeente Bethal. Ons dink terug aan al die lidmate wat ons gesin se pad gekruis het en al die wonderlike tye wat ons kon beleef.

Gelowig en met 'n vaste vertroue in God, kyk ons na môre, om saam met God die onsekere toekoms binne te stap. 'n Nuwe avontuur, 'n nuwe uitdaging, 'n nuwe geleentheid wag op die horison vir ons gesin. Terwyl ons hierdie skryf, leef ons nog in die oomblik en sit ons hier in Suid-Afrika. 'n Oomblik in ons lewe wat ons koester en 'n oomblik waar ons saam as gesin uitsien na die nuwe avontuur wat wag. 'n Nuwe avontuur wat ons elke oomblik biddend en nederig voor die aangesig van God oorweeg het. Spreuke 3: 5-6 is 'n leuse waarvolgens ons gesin ook leef: *Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop.*


Want – wat is 'n mens? Wat het ons in elk geval onder beheer? Die antwoord is, net mooi niks. Ons is geheel en al van God afhanklik. Daarom is ons vertroue in God en weet ons ook, soos wat God vir Moses en al die ander gelowiges voor ons belowe het, dat Hy altyd by jou is, maak nie saak waar jy is nie.

**Di Cobus en Mari Manders**
**Bethal**

## Lief en leed



Prof Natie van Wyk



Mev Mariaan Zwarts

- **Prof IWC (Natie) van Wyk** (emeritus) het Maandag 24 Januarie 'n operasie ondergaan om 'n gewas onder sy regteroor in sy keel te verwyder. Die operasie van bykans vyf ure het goed afgeloop en die tumor en speekselklier is verwyder en gestuur vir ontleding. Ons bid dat die uitkoms gunstig sal wees en dat hy volkome sal herstel.

- **Mev Mariaan Zwarts**, vrou van dr AJ (Adam) Zwarts (emeritus), het 'n ligte beroerte gehad. Ons bid haar spoedige herstel toe.

- Die volgende predikante vier vanjaar **ampsjubileums**. (Indien ons iemand uitgelaat het, moet u asseblief vir mev Karen Breedt by **karen@nhk.co.za** laat weet.)

  **25-jaar-jubileum**

  - Ds GFJ (Gert) Beukes – emeritus/Coligny
  - Ds DS (Dawie) Jacobs – Dolfynkus/Durban-Suid
  - Dr SM (Sanrie) de Beer – Philadelphia/Bybelgenootskap
  - Ds R (Riaan) Botha – Lydenburg
  - Dr DJ (Deon) du Toit – beroepafwagtend
  - Ds L (Leon) Janse van Rensburg – Namibkus

  **50-jaar-jubileum**

  - Dr FJ (Frans) Boshoff – emeritus/Chrissiesmeer
  - Ds WJ (Willem) Slabbert – emeritus
  - Ds GJ (Gert) van Staden – emeritus
  - Prof PM (Pieter) Venter – emeritus

  **60-jaar-jubileum**

  - Dr AJ (Adam) Zwarts

- **Die volgende predikante verjaar tot 4 Februarie, en word hartlik geluk gewens:**

  - Donderdag 27 Januarie: Ds WE (Elmien) Snyman (54) (Sundra)
  - Vrydag 28 Januarie: Ds S (Sanet) van der Walt (42) (beroepafwagtend)
  - Saterdag 29 Januarie: Prof J (Jaco) Beyers (51) (UP/Centurion-Oos), di L (Leon) Geel jr (32) (Midstream) en H (Heloïse) Herbst (53) (Rietvallei)
  - Sondag 30 Januarie: Ds MCE (Eksteen) Botes (66) (emeritus/Gobabis)
  - Dinsdag 1 Februarie: Di JS (Fanie) Naudé (77) (emeritus/Greylingstad) en AM (Andries) Nel (65) (emeritus)
  - Donderdag 3 Februarie: Ds MH (Tinus) Mc Donald (62) (siekte-emeritaat)
  - Vrydag 4 Februarie: Ds C (Chantelle) du Toit-Phillipson (31) (Meyerton-Suid)

## Gemeentes en bediening

- Daar word tans oorweeg om die **opening van die Hervormde Teologiese Kollege** (HTK) met die opening van die Fakulteit Teologie en Religie te laat saamval. Verdere inligting daaroor volg later.

- Navrae is ontvang oor die **gewysigde datum vir die 73ste AKV**, wat sal plaasvind **van Vrydag 30 September tot Dinsdag 4 Oktober 2022**. Die Kommissie van die AKV wil graag die AKV verkort om die koste vir gemeentes so ver moontlik te beperk en glo dit is – met die samewerking van al die betrokkenes – moontlik. Om dit inderdaad moontlik te maak, word daar tans ondersoek ingestel na meganismes om die registrasie en stemprosesse tydens die AKV (wat tradisioneel baie tyd in beslag neem) te versnel. Terselfdertyd is dit belangrik om slegs beskrywingspunte wat wesenlik belangrik is en kragtens die werkopdrag van die

AKV op die vergadering hoort, ter tafel te neem. Ringskommissies sal die Kommissie van die AKV in die aanloop tot die 73ste AKV dus moet help om toe te sien dat beskrywingspunte vir die AKV werklik van wesenlike belang is en goed geformuleer is. Met goed geformuleerde beskrywingspunte en goeie bestuur van die verloop van die vergadering, behoort dit moontlik te wees om die vergadering in ’n korter tydsbestek af te handel.

Die Kommissie sou graag ook wou sien dat die tydsduur van die AKV nie verhinder dat gemeentes die mees geskikte afgevaardigdes na die vergadering stuur nie. Met die tradisionele vergadering wat ’n volle week duur, was dit vir baie kerkraadslede wat ekonomies aktief is, amper onmoontlik om die vergadering by te woon. Met die gewysigde datums hoef ’n werkende afgevaardigde moontlik slegs die Vrydag(middag), Maandag en Dinsdag verlof te neem om die vergadering by te woon. Afgevaardigdes wat nog tydens die skoolvakansie met hul gesinne wil vakansie hou, het dan ook nog van Woensdag tot die komende Sondag om aan hul gesinne te bestee.

Verder het die Covid-19-pandemie die Kerk nie net ontwrig nie, maar ook geleer om nuut te dink en nuwe tegnologie aan te wend. Die Kommissie beplan dus om op Sondag 2 Oktober 2022 die gewone oggend-erediens lewendig te stroom, waarskynlik vanuit Gemeente Pretoria-Oos. Hoewel anders as gewoonlik, kan al die lidmate van die Kerk op hierdie manier deel kry aan een en dieselfde erediens wat terselfdertyd deel vorm van die AKV.

- **VAKATURE VIR ’N ADMINISTRATIEWE BEAMPTE: Gemeente Swartkop.** ’n Vakature bestaan by Gemeente Swartkop in Centurion vir ’n voltydse Administratiewe Beampte om **diens te aanvaar op 1 Maart 2022**.

  **Posbeskrywing:** Hantering van die gemeente se administrasie; werk van skriba vir registrasie; kolporteurswerk; neem van notule by sekere vergaderings; bemanning van die gemeentekantoor; soms toesig oor gemeentelike arbeiders.

  **Vereistes:** Nie ouer as 60 jaar nie; kennis van kerklike administrasie; rekenaarvaardigheid (verpligtend); kennis van MS Office-produkte (verpligtend); goeie vaardigheid in die gebruik van multi- en sosiale media; kliëntgerigte persoonlikheid; vermoë om met meer as een opdraggewer te kan werk; moet op eie kan werk; bereid om toerustingskursusse in Win- en Finkerk by te woon.

  **Vergoeding:** Maandelikse vergoeding is onderhandelbaar gebaseer op ondervinding. ’n Diskresionêre bonus kan jaarliks betaal word, soos en wanneer dit deur die Finansiële Kommissie goedgekeur word. Reiskoste word maandeliks vergoed per eisvorm van ritte onderneem. Verlof en siekteverlof.

  **Werkure:** 08:00 tot 13:00 (Maandae tot Vrydae); tydens sommige vergaderings (kerkraad, ouderlinge, diakens, ensovoorts); beman kantoor na oggend-eredienste om lidmate se navrae te hanteer en gelde te ontvang.

  **Sluitingsdatum vir aansoeke: 15 Februarie 2022.**

  **Rig u aansoek** (met volledige CV waarin vorige ondervinding en kerkverband aangedui moet word) **skriftelik** aan die Skriba by **nhswartkop@telkomsa.net** of **kantoor@nhswartkop.org**.

  Onderhoude sal in Februarie 2022 gevoer word en die kerkraad behou die reg voor om nie ’n aanstelling te maak nie.

- **VAKATURE VIR ’N REKENMEESTER: Sinodale Dienssentrum, Pretoria.**

  **Vereistes:** Minstens 5 jaar werkservaring; verdere kwalifikasie/opleiding sal ’n aanbeveling wees, asook kennis van Accpac en/of Pastel; rekenaarvaardigheid in minstens Microsoft Office; ten volle tweetalig; geldige rybewys; bewese bestuursvaardighede; kennis van die Nasionale Kredietwet en die Wet op Inligting; moet finansiële state kan opstel en interpreteer en dit kan voorhou by die Raad van Finansies.

**Verdere vereistes:** Pligsgetrouheid; vermoë om as lid van 'n span te funksioneer; goeie kommunikasie- en organisasievaardighede; meelewende lidmaat van die NHKA.

**Vergoeding:** Onderhandelbare salaris met normale diensvoorwaardes.

**Sluitingsdatum: 28 Februarie 2022.**

**Navrae en aansoeke:** Aansoeke met CV moet gerig word aan mev Susan Moore, Posbus 2368, Pretoria 0001; e-pos **mannekrag@nhk.co.za**; tel 012 322 8885; faks 012 322 7909.




- **VAKANTE WERKRUIMTE: Gemeente Goudveld.** Aansoeke word ingewag van 'n gelegitimeerde predikant, verkieslik in die ouderdomsgroep 25-30 jaar, vir **Gemeente Goudveld (en Gemeente Kroonstad met kontrakverbinding)** wat op 1 Januarie 2022 vakant geraak het.

  **Gemeenteprofiele: Gemeente Goudveld** is een van twee Hervormde gemeentes in Welkom in die ring van Bothaville. Die gemeente is in 2010 gestig en het tans 'n sieletal van ongeveer 250. Die ouderdomsprofiel is redelik verspreid, met die grootste aantal lidmate in die groep bo 40 jaar. Die gemeente beskik oor 'n doelmatige kompleks bestaande uit 'n kerkgebou, saal met kombuis, en kerkkantoor. Die gemeente is bekend vir luisterryke eredienste, warm gemeentesang en uitreik na mekaar en die gemeenskap.

  **Gemeente Kroonstad** is die enigste Hervormde gemeente in Kroonstad in die ring van Bothaville. Die gemeente is in 1947 gestig en het tans 'n sieletal van 68, waarvan 38 aktief betrokke is in die gemeente en gemeenskap. Die gemeente beskik oor 'n doelmatige kompleks bestaande uit 'n kerkgebou en saal met kombuis. Die gemeente word gekenmerk deur lidmate wat met deernis na mekaar omsien.

  **Leraarprofiel:** Die geskikte kandidaat se lewe moet getuig van 'n passievolle verhouding met God. Liturgies goed voorbereide, Gees-vervulde eredienste is vir die gemeente ononderhandelbaar. Moet verkieslik in die ouderdomsgroep 25 tot 30 val of so na moontlik daaraan. Moet die bediening in die gemeente dinamies maar Skrifgetrou en verstaanbaar vir alle ouderdomsgroepe kan hanteer. Moet vernuwend en sinvol met die liturgie in die eredienste omgaan. Moet 'n aanvoeling vir gemeentesang asook musiek in eredienste hê. Moet sinvol as deel van 'n bestuurspan kan funksioneer. Daar kan van die aansoeker verwag word om tydens die gemeente se vakante tydperk 'n erediens in die gemeente teen die normale vergoeding waar te neem.

  **Posbeskrywing:** Dit is 'n deeltydse, vyfsewendes-werkruimte met verantwoordelikhede soos in die Kerkorde omskryf. Gemeente Goudveld sowel as Gemeente Kroonstad word bedien. Vergoeding, reiskoste, mediese fonds en pensioen sal volgens die voorgeskrewe skale en die Kerkorde se voorskrifte hanteer word met inagneming van die leraar se aantal jare diens.

  **Aansoeke sluit op 30 Januarie 2022**. Aansoeke moet vergesel wees van 'n verkorte CV en gestuur word aan die Sekretariële Beampte, **welkomnedherv@gmail.com**. Meer inligting

kan bekom word van Lydia McIntyre (079 493 2014). Die Kerkraad behou die reg voor om, indien so besluit, nie een van die aansoekers te beroep nie, of ’n leraar wat nie aansoek gedoen het nie, uit te nooi om ’n CV aan die Kerkraad te stuur vir oorweging vir die vulling van die vakature.

- **Ds LJ (Louw) van der Linde** (Evander) en **ds André Muller** (NGK) het oor baie jare ’n verhouding opgebou met Binnelandse Sake (en ds Muller het vroeër vir Binnelandse Sake gewerk). Kontak hulle gerus by **info@worldofdocuments.co.za** oor die volgende dienste en die koste daaraan verbonde:

  - Registrasie van huwelike namens die predikant.
  - Opdatering van huwelikstatus in die geval van geskeide persone en wewenaars/ weduwees.
  - Verkryging van ’n amptelik gedrukte huweliksertifikaat.
  - Vooraf kantoortroue by hul kantoor, sodat die predikant wat nie kan of wil nie, net die kerklike seremonie hoef te hanteer.
  - Verkryging van nuwe boeke, huweliksregisters en -sertifikate.
  - Hulp met die bevestiging van andersoortige huwelike (soos selfdegeslag of nie-RSA burgers, ens).
  - In samewerking met die NHKA as Kerkgenootskap, kan hulle eksamens reël vir nuwe predikante. Die ideaal is dat die eksamen so gou moontlik na afstudering geskied, terwyl die proponent nog in Pretoria is. Dit hang ook af van regulasies in die Kerkorde. Sodra die predikant in ’n ander provinsie woon en dan ’n eksamen wil aflê, moet dit daar by die plaaslike kantoor van Binnelandse Sake geskied.
  - Hulle kan ook help met die oorplasing van ’n predikant se lêer van enige plek in die land na Binnelandse Sake se Pretoriakantoor. Dit behels e-pos-kommunikasie met die hoofkantoor en minstens twee besoeke aan die streekkantoor.

## Vergaderings

- Donderdag 27 Januarie: ADV Dagbestuur
- Maandag 31 Januarie: 9de ADV Beplanningskomitee
- Dinsdag 1 Februarie: Bestuurskomitee<br>NHSV Beurs en Lenings
- Vrydag 4 Februarie: Oudit- en Risikokomitee

## Kerklike publikasies




## Studentesake

- **Studentebehuising vir 2022. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur ’n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

- **Gemeente Philadelphia: Eerstejaars-afskopkamp**
  **Vir alle studente wat in Pretoria studeer**
  **Datum: 30 Januarie tot 5 Februarie**
  Plek: Warthog Inn (buite Brits)
  Koste: R890
  E-pos: **eerstejaarsafskopkamp@gmail.com**
  Kontak: Dr Sanrie de Beer 083 226 1866 / Ds Martin Slabbert 082 655 4787




- **Gemeente Potchefstroom-Studente** wil graag kontak maak met al die eerstejaars wat in 2022 in Potchefstroom kom studeer en meer inligting aan hulle deurgee. Ons wil kontak hou deur WhatsApp-boodskappe, ensovoorts. Voltooi asseblief die inligtingsvorm by **https://forms.gle/qZZrekn4VbZ6GFzH6**.

- **Gemeente Potchefstroom-Studente: Eerstejaarskamp**
  **Datum: 7-10 Februarie**
  Plek: Venterskroon
  Koste: R1 000 per persoon
  Navrae: Dr Rudy Denton 082 459 9710
  Inligtingsvorm: **https://forms.gle/qZZrekn4VbZ6GFzH6**

- **Studentebehuising vir 2022. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Gemeente Stellenbosch** versoek alle voornemende studente aan die Universiteit van Stellenbosch om jul inligting aan die gemeente te verskaf. Ons sal graag daarvan wil kennis neem. Kontak dr Chris le Roux by 079 495 3239, of **stellenbosch@nhk.co.za**.

## Fondsinsamelings

- **Gemeente Eendracht: Skaapkop-oggend**
  **5 Maart 2022**
  Kerksaal om 10:00
  R150 per kop, R120 skaappotjie, R50 per kind (pizza)
  Kaartjies by ds Markus Pretorius 082 395 1754
  Mev Belinda Jordaan 076 626 7571

- **Rata Maatskaplike Dienste** is gebore uit die NHKA en werk deur die jare onverpoosd voort om kinders uit haglike omstandighede te red en aan hulle die nodige beskerming en statutêre dienste te bied, asook om die moeisame pad na heelwording saam met hulle te stap. Die koste daarvan beloop ongeveer R10 000 per jaar per kind. Oor die tydperk van 2020-'21 is meer as 1 600 kinders uit omstandighede van mishandeling, verwaarlosing en selfs situasies van kinderhandel verwyder.

Ten einde broodnodige fondse aan te vul, hou Rata se hoofkantoor ’n jaarlikse gholfdag, hierdie jaar op **23 Augustus by Silver Lakes Country Club – ons 8ste Gholfdag**. Ons vra vir ondersteuning in die vorm van vierbalinskrywings, borgskappe en pryse. Enige hulp word opreg waardeer. Begroot solank nou, kry jul spanne bymekaar en gaan loer na die wit olifante wat as pryse kan dien. Dink ook asseblief aan kennisse en kontakte wat mag belangstel om hande te neem met ons en kinderbeskerming te ondersteun.

Inskrywingsvorms, borgskapvorms en meer inligting kan aangevra word van Annelle by **info@rata.org.za** of 064 437 5997.

## ’n Gedig

**Frokkie**
(vir Ouma – jou 90ste verjaarsdag)

Ouma het my vir haar gevat,
aangetrek met ’n frokkie
wat my warm-bekend hou
toe Pa uittrek,
Ma se boyfriends intrek,
die dag toe net meubels trek,
vriende na die hemel vertrek.
Ouma se frokkie gaan oral saam.

Heer, sy raak so klein,
kry so vinnig koud.
Waar kan ek vir haar
so ’n frokkie kry?

**Karen Kuhn**
(Uit: *Ingeboek*, 2012)

## Barmhartigheid

- **9de Algemene Diakensvergadering**
  **Verskillende webinare via Zoom**
  Dinsdag 5 April: Inleiding tot armoedegesprek
  Donderdag 7 April: Trauma van armoede
  Dinsdag 12 April: Nuwe antwoorde in veranderende omgewing
  Dinsdag 19 April: Sosiale entrepreneurskap en armoede
  Donderdag 21 April: Netwerke
  Vrydag 22 April: Opening en konstituering
  Saterdag 23 April: Amptelike vergadering

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**
  **Verblyf vir en versorging van bejaardes en gestremdes**
  Enkel- en deelkamergeriewe in ’n huislike atmosfeer
  Verblyf met 3 etes ingesluit
  Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
  24-uur-versorging onderhandelbaar
  (maksimum R8 000 per maand deelkamer)
  Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
  **navrae@athalia.co.za**
  **www.athalia.co.za**

- **Ons Tuis Emily Hobhouse** is die ideale tuiste vir persone wat nog selfversorgend is. Tans is daar eenslaapkamereenhede te koop teen R364 348 en R377 472. Dit is in ’n gevestigde, boomryke area met ’n lieflike berguitsig. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 of **HannelieF@otmt.org**.

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het 'n **tweeslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff: Dit is Woonstel 3 teen R485 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
  Kieserstraat 126, Rietondale
  Een enkelwoonstel te koop teen R510 000
  Een eenslaapkamerwoonstel te koop teen R515 000
  Een 1½-slaapkamerwoonstel te koop teen R520 000
  Een tweeslaapkamerwoonstel te koop teen R560 000
  Een tweeslaapkamerwoonstel te huur teen R6 500 per maand
  Navrae: Beaulah du Plessis by 082 847 9544
  **Seniordalpta@gmail.com**




## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed vir die nuwe skooljaar

God van wysheid en mag,
ons loof U vir die wonder van ons wese,
vir ons verstand, liggaam en gees.
Wees asseblief met ons kinders
terwyl hulle ’n nuwe skooljaar betree.
Seën hulle en hul onderwysers en die personeel.
Skenk hulle krag en genade terwyl hul liggame groei.
Versterk hul verstand met wysheid en kennis
terwyl hulle soek na begrip,
en seën hul harte met vrede en ywer.
Ons vra dit in die Naam van Jesus Christus, ons Heer.
Amen.

(The Southern Cross)

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)



Redakteur: Ds Willem Sauer
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk